

18 Julie

Skrifgedeelte: Hebreërs 13:7-19

Fokusgedeelte: Hebreërs 13:8

Jesus bly dieselfde

Verandering is aan die orde van die dag. Tye verander, omstandighede verander, standpunte verander, mense verander, ons verander, Jesus Christus verander nie. Hy bly dieselfde God van mag, onwankelbaar in wese en in krag.

Ons het te kampe met baie ellendes: wêreldtoestande en die toestand in ons vaderland is kommerwekkend. Ons persoonlike sake dreig soms om handuit te ruk. Finansiële kwellinge, huislike omstandighede, geloofsworsteling, liggaamlike en geestelike kwale maak ons lewe onaangenaam. Ouderdom en die dood, roumart en verlange is ons metgeselle op aarde.

Maar te midde van al hierdie dinge, en lynreg daarteen kom 'n proklamasie soos 'n oorwinningslied te midde van die klaagsange, soos 'n stilte van die nag: Daar is iemand wat bokant die wenteling van die tyd, bokant die wisseling van omstandighede, bokant die veranderinge uit dieselfde is, iemand wat alles en almal onder beheer het, iemand wat sy almag uitoefen in die hemel en op die aarde, iemand wat die ganse heelal regeer, wat sonne en mane en sterre in hulle bane hou, wat sorg vir sy kinders. Dit geld gister en vandag en tot in ewigheid.

Met die Oorwinnaar voor oë kan ons ons koppe optel, die wêreld in die oë kyk en die toekoms moedig tegemoet gaan, vas vertrouend op Jesus Christus wat dieselfde bly.

Sing: Psalm 90:1 Ds LJ van der Merwe (Emeritus)